

Volksblad

[http://jv.news24.com/Die\\_Volksblad/Nuus/0,,5-83\\_2476296,00.html#](http://jv.news24.com/Die_Volksblad/Nuus/0,,5-83_2476296,00.html#)

## **NK wil radioteleskoop hê**

Feb 25 2009 11:04:12:657PM - (SA)

*Frans Coetzee*

KAAPSTAD. – Groot geleentehede vir ontwikkeling op die gebiede van inligtingstegnologie en tegniese vaardighede wag op Noord-Kapenaars indien die land gekies sou word vir die oprigting van die SKA- (Square Kilometre Array) radioteleskoop in die Karoo.

So het me. Dipuo Peters, Noord-Kaapse premier, hier op die SKA-bestuurskomitee se konferensie gesê.

Dié konferensie val saam met die wedloop teen Australië om uiteindelik die wêreld se grootste radioteleskoop met duisende skottels en antenne in dié uitgestrekte landskap te vestig.

Dié SKA-terrein word moontlik oor twee jaar gekies.

Die voltooiing van die terrein behoort in 2020 te geskied.

'n Proeflopie word nou met die MeerKAT-padvinder-projek met sy sewe radioskottels onderneem.

Wetenskaplikes van oor die wêreld heen het gister die nuutste inligting oor Suid-Afrika en Australië se bod hiervoor bekend gemaak.

Peters het gesê die Noord-Kaap het onderneem om die infrastruktuur te verskaf wat benodig word. Dit is verder deel van die wetlike prosesse wat vir die beplande ontwikkeling benodig word.

Hiervoor het die Noord-Kaap die afgelope twee en 'n half jaar bykans R158 miljoen deur sy provinsiale departemente beskikbaar gestel.

Dit sluit in die bou van 'n gruispad van 78 km van Carnarvon na die projekterrein.

Die Noord-Kaap was deel van 'n proses om twee plase van altesaam 14 000 ha te koop wat as sentrale terrein vir die radioteleskoop dien.

Omgewingsimpakstudies is gedoen om te verseker dat die nodige omgewingsvoorsorgmaatreëls getref word sodat die gebied ongeskonde bly.

Die premier het gesê die Noord-Kaap meen die projekte het die vermoë om die toerismebedryf in die streek te ontwikkel.

Prof. Richard Schilizzi, internasionale projekdirekteur van die SKA, het gesê die terreine wat uitgewys is, is waar die minste radioversteurings voorkom.

Die projekte sal terselfdertyd jong mense inspireer om toenemend in die natuurwetenskappe soos fisika en wiskunde belang te stel.

Prof. Malcolm Longair van die Universiteit van Cambridge in Engeland het gesê die moderne tegnologie stel radioteleskope in staat om met optiese teleskope en X-straal-teleskope ineen te skakel.

Dr. Bernie Fanaroff, projekdirekteur van SA-SKA, het gesê dit is die grootste wetenskapprojek in die land. Hoewel die Noord-Kaap die grootste grondoppervlak in die land het, het hy die minste inwoners.

Die gebied het 'n baie skoon radiospektrum.

Die Noord-Kaap is wel nie 'n welgestelde provinsie nie, maar het hom tot dié projek verbind.

- Swartkolke, die nagevolge van geheimsinnige “donkerenergie” wat die heelal uitmekaar druk en die moontlike ondersoek na lewe op ander planete is van die ruimteverskynsels wat met die radioteleskoop ondersoek kan word.

Voorwerpe baie ver weg in die heelal wat radiogolwe uitstraal, kan met die radioteleskoop “gesien” word.